11 Jan

Uitgawe 2012/01/11

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir gebedsinligting, besoek www.jwipn.com, www.global24-7.org en www.globalprayerwatch.org

Herlewing

Maar 'n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel. Wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat onder die rowers verval het? En hy antwoord: Hy wat barmhartigheid aan hom bewys het. Toe sê Jesus vir hom: Gaan en doen jy net so. (**Luk.10:33,36-37**). Soms is ons so vasgevang in ons eie planne en normale roetines dat ons vergeet van die behoeftes van armes en behoeftiges. Beide die Leviet en priester het verby die beseerde man geloop – te besig met hul eie planne. Uit hierdie skrifgedeelte is dit duidelik dat ons 'n kerk moet wees wat omgee. Ons moet die behoeftes van die behoeftiges raaksien. Onderbrekinge in ons daaglikse lewe is nie net afleidings nie, maar geleenthede om te sorg en om te gee. Het jy jou naaste lief? ***Hemelse Vader, gee asselblief vir ons die vermoë om te sorg vir behoeftiges. Vergewe ons omdat ons self-gesentreerd en belangrik in ons eie oë geword het. Help ons om ons naaste lief te hê.***

Deurbraak: Bybel is beste verkoper in Noorweë

Die VN se 2011 beste verkoper was dalk gedomineer deur kokery, te danke aan Jamie Oliver en romanse deur David Nicholls, maar Noorweense lesers het gefokus op 'n ander soort boek: die Bybel. Die eerste Noorweense vertaling van die Bybel in 30 jaar was bo aan die land se boeke trefferlys sedert die publikasie in Oktober en die einde van verlede jaar. Bykans 80 000 kopiee is verkoop en alle verwagtinge oortref. Daar was slegs 25 000 kopiee gedruk en daar is verwag dat dit so 6 tot 9 maande se voorraad sal wees, maar sedert die verspreiding in middel Oktober tot einde van die jaar is 79 000 kopiee verkoop. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 05/01/12). ***Prys die Here vir die verspreiding van Sy Woord in Noorweë. Bid dat elke persoon wat 'n kopie gekoop het, gemotiveer sal wees om op die Woord van God te mediteer en God te ontdek vir wie Hy is. Bid vir openbaring om elke hart te vul en dat hul gedagtes hernu sal word deur die Woord van God.***

Bid vir jou gemeenskap: Mans bid vir jou huweliksmaat

Wil jy graag die beste hê vir jou huweliksmaat? Dalk kan jy hierdie jaar daaraan wy om vir jou vrou te bid. (Bron: Jerigo Mure Gebedsgids). ***Bid vir haar vir geestelike groei, 'n versterking in haar geloof en 'n heilige lewensstyl. Bid vir haar verhoudings met vriende en ander persone. Bid dat sy haar God-gegewe doel en haar drome sal uitleef. Bid vir haar fisiese beskerming, krag en gesondheid.***

Suid-Afrika: Vryheid gevier

Suid-Afrika se heersende party en oudste vryheidsbeweging, die ANC (African National Congress) sal hul eeufees vier in 2012. Die hoof byeenkoms is op 8 Januarie 2012 in Mangaung, Bloemfontein gehou – die plek waar die party gestig is. (Webruimte: http://www.sabc.co.za/news/f1/4d4e260049aeda24bf9cff289d3b33f3/ANC-celebrates-100-years--20120105, 05/01/12). Daar is verskeie besprekings na die afloop van die feesvieringe oor die pad vorentoe en die impak van besluite op die land. ***Bid vir die redding van regeringsamptenare in een en elke regeringsgebou in Suid-Afrika. Vra dat ander Christene die liefde en medelye van Christus sonder skroom teenoor hulle sal uitleef, saam met hulle sal bid en hulle sal begelei om hulle lewens aan Jesus oor te gee.***

Internasionaal: Suid-Soedan

Die regering van Suid-Soedan het 'n ramp verklaar soos duisende mense vlug van sektariese aanvalle. Geweld het laat in Desember uitgebreek tussen twee stamgroepe in die stad van Pibor. Sowat 100 000 mense het na nabygeleë areas gevlug. Die dodetal is nog nie bekendgemaak nie omdat owerhede nie veilige toegang tot sekere areas het nie. Vrywilliges van Rooikruis Amerika probeer om 150 kinders wie se ouers vermis is met hul ouers te versoen, maar daar word vermoed dat hul reeds dood is. Suid-Soedan het onafhanklikheid van die Noorde gekry verlede jaar Julie na meer as 25 jaar se brutale gevegte wat meer as 2 biljoen mense doodgemaak het. So ver het die onafhanklikheid nog nie tot vrede gelei nie en die geskille oor die grense veroorsaak meer onstabiliteit. (Webruimte: http://www.cbn.com/cbnnews/world/2012/January/Franklin-Graham-War-Looms-in-South-Sudan-/, 07/01/12). ***Hou asseblief aan om vir vrede in Suid-Soedan te bid. Bid vir al die kinders wat verwyder is van hul families; bid vir hul beskerming terwyl vrywilliges vir hul families soek. Bid vir Christene in Suid-Soedan om standvastig te bly in gebed en dat hulle midde hul omstandighede die evangelie sal deel.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com